Friday, August 12, 2022 2:00PM to Sunday, August 14, 2022 1:30 PM
Christian Brothers' Centre Paradyskloof Road Stellenbosch, WC, 7600 South Africa

InVia se jaarlikse vroueretreat is elke keer 'n hoogtepunt. Vroue van verskillende ouderdomme en lewensfases kom bymekaar en die pragtige sinergie en ontploffing van energie wat dit meebring, is inspirerend.

Die Vroueretreat bied aan ons elkeen 'n kans om intensioneel tyd opsy te sit om werklik aandag te gee aan dit wat jou eie lewe vir jou wil sê. Om weer bestek op te neem van ons besige lewens en te luister wat die Stem van vrede onder die malle gejaag vir ons wil sê. Om tot verhaal te kom. Om jou siel ruimte te gee om 'n slag haar opwagting te maak en veilig genoeg te voel om juis dit te doen.

Die naweek sal baie *stiltetyd, ruskans en tyd* in die natuur (soos die weer ons toelaat) insluit.

Datum: 12 tot 14 Augustus

Koste*: R1970pp (kamer wat deel**) - sluit Saterdag middag- en aandete in.

Plek: Christian Brothers' Centre, Stellenbosch

*Om jou plek te bevestig moet 'n R800 deposito betaal word

**Indien jy alleen wil slaap is dit R180pp ekstra.

Registreer hier: https://form.myjotform.com/71782601059558

Vir meer inligting: inviagemeente@gmail.com

DEUROFFER: BYBELVERSPREIDING

Die Sinode is bevoorreg om 'n fonds te hê waaruit gemeentes hulp kan ontvang om Bybels te versprei. Die fonds word aangevul met deuroffers, skenkings en bemakings. In die afgelope vier jaar is gemeentes met byna R1 miljoen gehelp om Bybels mee aan te koop en te versprei.

Interkerklike Saamkuier Geleentheid

Almal word uitgenooi om 29 Julie om 10:00 saam by die kerk-kompleks te kom kuier. Mans en vroue welkom. Dit is net 'n informele saamkuier geleentheid. Hoop ons sien jou daar.

Gedruk deur: NG Rondebosch

BULLETIN
24 Julie 2022

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to the community with joy and with open doors.

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za
Besoek ons by: www.ngrondebosch.com
ABSA Claremont, Rek 2870141125 Tak 632005 Swift Code: ABSAZAJJ

SnapScan

PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom by ons Erediens. Ons diens word vanoggend 10:00 regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai.
Die Zoom-skakel sal nou telkens dieselfde wees.
https://us02web.zoom.us/j/83804447977?pwd=Y2M2U2h4YlJJdFhkbzE4T0RiMDZxQT09
Meeting ID: 838 0444 7977 **Passcode:** 691201

NAGMAAL: Dr Johan vd Heever **Skrif:** HOSEA 1:1-10
Tema: Die gebroke hart van God wat nie meer kinders kan baar nie.

Liewe Gemeente

Ons het almal 'n prentjie van God in ons kop. Ons kan nie noodwendig die prentjie in ons verbeelding oproep nie, maar God vertoon sekere eienskappe wat uniek is, nie noodwendig aan God nie, maar aan elkeen van ons persoonlik. God is nie 'n man nie en Hy is ook nie 'n vrou nie. Die Bybels gebruik egter beelde soos bv. Vader, om God mee te beskryf. Verlede jaar was daar 'n groot polemiek toe 'n leraar na God verwys het as "Sy" (vroulik). In die boek Hosea gebruik die profeet egter dikwels beelde en metafore waar na God verwys word as vroulik. In Hosea 13:8 word na God verwys as 'n beerwyfie en leeuwyfie wat haar kleintjies verloor het. So is die Gees van God in die Ou Testament ook vroulik. God is egter steeds baie meer as die metafore waarmee ons Hom probeer beskryf.

Ons het die laaste ruk baie gesels oor die omgee teenoor mekaar. Wat sou die maklikste wees om na mekaar om te sien? Hoe sou dit bv werk indien elkeen van ons, wat kan, een keer 'n maand net drie ander lidmate bel/WhatsApp en hoor hoe dit met hulle gaan? Sou jy bereid wees om daarmee te help?

Die ander saak waarmee ons ook besig is, is die volhoubaarheid van ons gemeente. 'n Werkgroep vanuit Steundienste kyk na ons gemeente se volhoubaarheid wat die toekoms betref. Ons het drie sake geprioritiseer: InVia, gesprekke met Pinelands, Wynberg en VG Gem Rondebosch en ons geboue (moet die pastorie verkoop word en watter opsies is daar dan). Ons sal julle op hoogte hou van uitkomste en gesprekke.

Groete en seën
Johan van den Heever

Koffiekafee na afloop van die diens.

Bydraes vir Julie 2022

Dankoffers: **R29 543**
(Mikpunt: R54 000)

Erediensoffers: **R3 056**
(Mikpunt: R12 000)

Baie dankie vir elkeen se bydrae .
Mag die Here jou ryklik seën.

BAIE BELANGRIK

Laat weet asseblief die kerkkantoor indien jou adres, e-pos adres of telefoonnommer dalk verander het.

Ons wil baie graag ons Winkerk Online program op datum hou.

PROGRAM VIR DIE WEEK

VANOGGEND
Koffiekafee

DINSDAG
10:00 NAGMAAL HL

WOENSDAG
19:30 Bybelstudie
Freanweg 15, Rondebosch

Jonk en oud word uitgenooi om hierdie Bybelstudiegroep by te woon.

Indien jy in die dag werk en graag by 'n aand Bybelstudie wil betrokke raak, is jy welkom om vir **Ina du Toit** by **021 685 6824** te kontak.

"STUKKIES KERSVREUGDE" - Huis Lückhoff

Meeste van ons weet reeds dat ons een keer 'n jaar die basiese toiletware en seep vir die méés behoeftige inwoners van Huis Lückhoff insamel.

Normaalweg het ons slegs een keer per jaar ons gemeente genader om met hierdie saak te help. Ongelukkig het ons aanvraag vir hierdie produkte verhoog en hou dit wat ons bymekaar maak in Desember, nie die hele jaar nie. Op hierdie stadium benodig ons veral seep. Indien jy dalk voel jy wil bydra ten opsigte van hierdie saak, kontak gerus die kerkkantoor vir meer inligting.

KLEIN BIETJIE LIEFDE, MAAK 'n GROOT VERSKIL

Ons gemeente is 'n "ouer"gemeente. Meeste van ons lidmate is nie meer jonk nie. Ons het gemeentelede wat hulp benodig om winkels en dokter toe te kan gaan, maar nie self daar kan kom nie. As jy bereid sou wees om van ons lidmate wat dit benodig, te help, laat weet asb die kerkkantoor.

Ons het ook mense wat baie alleen is, en sommer net 'n besoek benodig. As jy self nie werk nie en jou eie vervoer het, oorweeg dit tog om die kerkkantoor te skakel om te hoor waar jy dalk net klein bietjie vreugde kan bring vir iemand wat alleen voel.

Friday, July 29, 2022
12:00 PM to
Sunday, July 31, 2022
3:00 PM
Umami Retreats
Umami Mountain Retreat
Off Excelsior Road,
Franschhoek 7690
South Africa

Kom volg saam met Invia Kaapstad 'n ritme van stilte en kuier in die Franschhoekberge. Kom rus en hoor wat is dit wat God jou na uitnooi en kom ook om saam as gemeenskap te kuier en te rus.

Verblyf

Daar is 11 pods, dit is klein, eenvoudige tog smaakvolle huisies met 2 enkel beddens en olielampe vir lig. Ons het dus plek vir 22 mense in totaal.
Gedeelde badkamers met storte (ook buitelug storte!) Daar is 'n ongelooflike mooi kuier-area met kaggels, banke en lang kuier-tafels. Die kombuis is baie smaakvol toegerus en al die etes van Vrydagaand, 3 etes Saterdag en 'n Sondagoggend ontbyt is ingesluit. Al hierdie etes word deur 'n sjef gemaak en is vegetaries. Almal is welkom om hul eie wyn en snacks saam te bring.
Kinders is welkom, bring vir hulle 'n matrassie of soortgelyk vir die kamers. As daar genoeg kinders is, sal ons kinderaktiwiteite reël.
Staproetes, open air yoga platform en 'n lekker dam om in te swem. Bring 'n floaty saam!

Besonderhede

Datum: 29 - 31 Julie 2022
Koste: R1700 pp (verblyf en al die etes)
Bring: Snacks & drinkgoed + matrassies vir die kinders

*Ons registrasievorm vereis dat jy 'n Google (Gmail) rekening het.
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdceYIjZKxffeUCjO0HGmiGrMzPskBibrGE9jUaxqToKvgNTg/viewform

Indien jy nie een het nie, kontak asb vir Jozua by: ***inviakaapstad@gmail.com*** sodat hy jou kan help om te registreer.

HULPFONDS

Ons gemeente het gedurende die Covid-pandemie 'n Hulpfonds geskep, waaruit ons dan gemeentelede wat onverwags swaarkry beleef, kon ondersteun. Die fonds was nie geskep om mense op 'n maandelikse basis te onderhou nie, maar wel in die uitsonderlike gevalle waar ons dan van nood weet, te kon help.
Hierdie fonds is nou amper uitgeput.
Dit was tot groot seën vir 'n paar van ons lidmate. Indien jy voel dat jy dalk weer ten opsigte van hierdie saak wil bydra, merk asb jou donasie spesifiek as **HULPFONDS**, sodat ons die fondse na die regte rekening kan allokeer.
Byvoorbaat dankie. Mag die Here jou seën.